# PROFESSOR D. J. VAN ROOY — 'N WAARDERING

„'n Wyse man is sterk, en 'n man van kennis ontwikkel krag."

—So ken ons vir Dirk Jan van Rooy. Deur sy wysheid is hy 'n toring van krag in elke kring waarin hy hom beweeg. Met 'n vlugge begrip en skerp oordeel paar hy 'n besadigdheid en sobere nugterheid, wat 'n mens soms effe verbluf laat staan, wat soms selfs tergend voorkom. Maar juis hieruit tree sy groot krag tevoorskyn.

Dirk van Rooy moet gesien word teen die agtergrond van die Gereformeerde milieu waarin hy gebore en getoë is. Hy stam uit 'n geslag wat die grondveste van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika gelê het. Sy vader, ds. J. A. van Rooy, wat nou geëmeriteer is, het sy loopbaan as predikant reeds in die vorige eeu begin; sy moeder was 'n dogter van wyle ds. Dirk Postma, stigter van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Wat die Gereformeerde en Calvinistiese gedagte in Suid-Afrika betref, stam hy dus uit 'n geslag van pioniers.

Die eerste grondslae van sy onderrig in die „wetenskappe" is gelê in die vrye Christelike skooltjie te Nylstroom net na die Tweede Vryheidsoorlog waar sy vader toe predikant was. Hy matrikuleer op vyftienjarige leeftyd te Bethulie en besoek daarna die Grey Universiteitskollege, waar hy in 1914 sy graad behaal met Wiskunde, Toegepaste Wiskunde en Fisika as hoofvakke. Op agtienjarige leeftyd word hy onderwyser aan die Hoër Gimnasium te Potchefstroom met sy hele matriekklas ouer as hy. In 1922 behaal hy die M.A.-graad in Wiskunde met lof aan die T.U.K., word in 1923 as senior lektor benoem aan die P.U.K. en in 1928 bevorder tot professor aan dieselfde inrigting.

In 1933 slaag hy in die doktorale eksamen in Amsterdam, hoofvak Wiskunde, met lof. Terwyl hy besig was met die doktorstudie onder leiding van die deurlugtige L. E. J. Brouwer, word hy teruggeroep na Potchefstroom omdat sy locum tenens tou opgegooi het.

Vir sy vorming as wetenskaplike kon Dirk van Rooy, toe hy sy kinderskoene ontgroei het, dus nie na 'n Christelike Universiteit gaan om in 'n Christelike wetenskap opgelei te word nie. Nee, juis ook op hom het die taak geval om saam met andere die fondamente van so 'n inrigting te lê en voorts met alle mag daaraan te bou. As medegrondlegger en bouer van die Christelike wetenskap te Potchefstroom het die erfenis van sy vadere 'n onbetwisbare plek in sy lewens- en wêreldbeskouing geneem. En nou het sy Christelik-nasionale lewensbeginsel sterk na vore gekom in sy handel en wandel. Ook sy wetenskapsbeoefening en -beskouing dra hierdie stempel.

Nadat hy in 1923 tot senior lektor aan die destydse P.U.K. benoem is, het hy hom met alle mag aan die taak hom opgedra, gewy. Gaandeweg het die departement Wiskunde en Toegepaste Wiskunde ontplooi totdat dit vandag as 'n monument tot sy eer pryk. Onder sy oudstudente tel vandag o.a. drie professore, ses lektore en senior lektore, om van die navorsingsposte wat deur sy oudstudente gehou word nie eers te praat nie. 'n Mens loop hulle oral raak, sy oudstudente, in ons Universiteite, by die W.N.N.R., by die Weerkunde-buro, in ons staatsdepartemente, op ons Middelbare Skole, ja, omtrent oral.

Hierdie bouwerk rus op Dirk van Rooy se idealisme, gebore uit die agtergrond van sy herkoms en sy jeug, op sy reuse-werkkrag en les bes op sy onwrikbare selfdissipline.

Dirk van Rooy het inderdaad gebou aan 'n Christelike wetenskap. Wanneer hy met die grondslae van sy vak besig is, is hy in sy element. Ongedwonge tree sy lewens- en wêreldbeskouing dan na vore. Die helderheid waarmee hy die Wiskunde kan stel, die frisheid wat sy klasse adem

(iets wat skaars is in die wêreld van die Wiskunde) styg ten top in sy kolleges waar hy sy vak prinsipieel sien en benader. Sy lewensbeskouing het hier sterk aansteeklik en bevrugtend op sy studente ingewerk. Menigeen se lewens- en wêreldbeskouing het hier sy grondslag, maar ook sy finale beslag, gekry.

Die Wiskunde het vir hierdie man 'n diepe bekoring. Waar hy hom met die metodiek van die vak besighou, skryf hy: „Die Wiskunde is in heel bepaalde sin 'n vrye skepping van die menslike gees en as sodanig laat dit hom bind alleen deur die beperkinge waaraan die menslike gees self onderworpe is. 'n Prikkel van buite, 'n praktiese eis kan die sluise van die Wiskundige gedagtestroom ooptrek maar hy kan dit in sy loop nie blywend bepaal nog minder keer nie. Die wiskundige denke het sy eie wette en sy eie bekoring. Soos die fantasie in onbelemmerde vlug bo die werklikheid uitstyg, ontruk die Wiskunde hom aan die wêreld van konkrete dinge om in die ryk van begrippe ontledend, generaliserend en skeppend te werk te gaan . . . . . " Die liefde vir die Wiskunde wat uit hierdie uitspraak straal is onmiskenbaar. En tog het hy nooit die Wiskunde doseer alleenlik omdat dit Wiskunde is nie. Onlangs nog het hy in 'n kollege verklaar: „Ons sien daarin (d.i. die Wiskunde) liewer 'n wetenskap gebaseer op 'n ‚sinsy van die geskape werklikheid' . . . . . Ons gaan uit van beginsels en eerbiedig die singrense wat hulle aanwys, maar erken en ontwikkel terselfdertyd die sinsamehang. Nog die getal, nog die ruimte is selfgenoegsaam; die een is aangewese op die ander en saam staan hulle in die nouste verband tot die volle waargenome en *geopenbaarde* werklikheid." En waar hy enkele gedagtes neerskryf oor die begrippe *Eindig*, *Eindeloos*, *Oneindig* lui dit ten slotte: „Vanuit die eindige en tydelike kan die mens onmoontlik uit eie krag tot die Oneindige en Ewige kom. Dit geskied andersom: van die oneindige tot die eindige. Dis ons sielsbesef van God se genade wat ons van die eindige losmaak en daarbo stel. Die sekerheid van die besit van 'n onsterflike siel bevry die gelowige van die omknelling van alle eindigheidsboeie. Die besef van die ewige en oneindige maak hom klein, ootmoedig, maar dit maak hom dankbaar en wek 'n wonderlike verlange." (Tydskrif vir Middelbare Onderwys, Vol. XXI, No. 7, bls. 20). Inderdaad, sy studente het uit sy klaskamer veel meer saamgedra as „loutere" Wiskunde.

Prof. van Rooy se kolleges, het ons gesê, adem 'n seldsame frisheid. Hy het 'n eie manier om die Wiskunde aan te bied. Sy deeglike voorbereiding en die saaklike manier waarop hy dinge stel, sy doelgerigtheid, sy kalme en tog opgewekte tempo maak sy lesings altyd interessant en boweal vir byna iedereen maklik om te volg. Hy kan hom uitstekend aanpas by

die peil van die klas vanaf die eerstejaar—tot die M.-graad-studente. Sy stof beheers hy meesterlik. Veral in sy nagraadse kolleges hom sy sterk wiskundige aanleg enigsins tot sy reg. Ons sê enigsins, want dit is jammer dat hy nooit die geleentheid gehad het om sy onverdeelde aandag aan die hoër Wiskunde te wy nie. Sy oormatig oorlaaide program het verhoed dat veral sy seldsame matematiese aanleg ten volle tot ontplooiing kon kom. Wat hy bereik het dwing ons almal se respek af.

Met die aanbieding van die stof, bring prof. Van Rooy altyd „metode'' na vore. Hy wil sy studente die „metode" van die vak leer, want wie hierdie „metode" nie snap nie, sal altyd daarin bly voortploeter sonder om enigsins 'n waardering vir die vak te ontwikkel en die hoogtes te bereik waarvandaan die vergesigte wat die vak bied, geniet kan word. Vergesigte op die Wiskunde, dit is wat hy steeds aan sy klas probeer bring. In sy „Analitiese Meetkunde van die Plat Vlak", die eerste en enigste werk van sy soort in Afrikaans, tree hierdie opset sterk na vore. En dit is miskien die grootste enkele verdienste van hierdie werk. Ons kan maar net vurig hoop dat daar meer van hierdie tipe werk uit sy pen gaan verskyn.

Die skerpheid van oordeel en die nugtere en saaklike manier waarop hy dinge stel, kenmerk al prof. Van Rooy se geskrifte. O.m. het onder die gesamentlike redaksie van hom en prof. J. Chr. Coetzee „Beginsels en Metodes van die Hoër Onderwys" verskyn. Hy self was verantwoordelik vir een hoofstuk daarin oor die metodiek van die Wiskunde. Voorts het talle artikels en resensies van hom in verskeie tydskrifte verskyn. En hierin het hy baie konsekwent sy Christelik-nasionale lewensbeginsel uitgedra. Hy is een van die groep wat met reg die vroegste eksponente van die Calvinisme op elke terrein van die openbare lewe in Suid-Afrika genoem kan word. Vanselfsprekend het hy as hartstogtelike vaderlander ook sy volle gewig in die stryd gewerp en net so konsekwent as in ander opsigte sy lewensbeskouing laat geld: in sy geskrifte en in sy openbare optrede. Ons herinner in die verband net aan die aandeel wat hy gehad het in die ontwikkeling van die Voortrekkerbeweging, aan sy rol in die Reddingsdaadbond en die Ossewabrandwag. Verbaas dit ons dat hy tans aan die spits van die Afrikaanse Calvinistiese Beweging staan? Hy het gedoen wat sy hand kon vind om te doen.

Om terug te hom tot Dirk van Rooy se bydrae tot die ontwikkeling van die P.U. vir C.H.O.: dit strek veel verder as die op- en uitbouing van 'n eie departement . Hy was altyd ten volle voltyds in diens van hierdie inrigting. Tans is hy onder-voorsitter van die Senaat en as sodanig waarnemende rektor, verteenwoordiger van die Senaat op die Raad, lid van die

Uitvoerende Komitee, lid van die Komitee vir Beleid en Ontwikkeling, voorsitter van die Advieskomitee i.s. Terrein en Geboue, verteenwoordiger van die Universiteit op die Matrikulasieraad, waarvan hy voorsitter is, huisvader met die beheer oor ses koshuise. Hierdie lys kan nog aangevul word, maar is dit nodig? Ons kan nogtans nie nalaat om spesiaal te wys op die groot rol wat hy gespeel het, as voorsitter van die Advieskomitee i.s. Terrein en Geboue, in die ontwerp en oprigting van byna al ons nuwe geboue nie. In hierdie verband kan sy dienste nie maklik oorskat word nie.

Dit is duidelik welke gewig op die skouers van hierdie man rus en welke rol hy in ons universitêre bestaan speel. En nou wil ons hom dié versekering gee, en mag dit vir hom enigsins 'n beloning wees, dat sy toewyding in diens van ons Alma Mater nie ongemerk by ons verbygaan nie. Dit geniet ons almal se diepe waardering.

W. P. ROBBERTSE.